Curriebeker: Week 11

Sharks vs Griekwas

John Plumtree se kommentaar na hierdie wedstryd moes definitief die Haaiespelers 'n "wake up call" gegee het as hulle nog die passie het om weer na 'n kampioenspan te lyk en soos een te speel. Plum het die Sharks met Namibië en Georgië , wat tans in die wêreldbeker speel, vergelyk… eina! Die Haaie wen 29-18 en behaal 'n waardevolle bonuspunt.

WP vs Cheetahs

Die nuutste rugby grappie… Wat is die maklikste manier om vyf liga punte te kry vir 'n weg wedstryd?... Gaan speel op Nuweland! Eish…die blikore het die Kapenaars se neuse behoorlik in die grond gevryf en speel skitterende voetbal om te wen met 34-20. Met hierdie oorwinning het die Cheetahs die WP in die vierde plek ingedruk en die Haaie in die tweede plek op die punteleër.

Pumas vs Luiperds

Nelspruit behaal die Pumas hulle tweede oorwinning vanjaar en klop die Mielieboere met 32-19. Die Pumas se breier pleit dat die kompetisie aanstaande jaar nie moet verklein word na ses spanne nie, maar ai, in alle respek, is die Pumas en die Luiperds se brul regtig al groot genoeg om saam met die groot honde te blaf?

Goue Leeus vs Bulle

In 'n riller slaag die Bulle daarin om die Leeus se maanhare uit te pluk! Die Bulle wen hierdie wedstryd 21-18 met die oud Rustie, Louis Fouche, wat weer sy span op die wenpad plaas met 'n allemintige strafdoel… BMT! Jano Vermaak het sy eerste drie in 'n Bloujersey gedruk in die eerste minuut en om die sout in wonde te begin vryf van sy gewese spanmaats. Met hierdie oorwinning kan die Bulle die kwart finaal haal,want gelukkig speel hulle teen die onderste drie spanne. Die moraal van die Pretorianers sal nou weer hoog wees nadat hulle soveel veggees aan die dag gelê het. Die Leeus se verloor het nou die Sharks in die tweede plek op die punte leer laat inskuif…

Die Sharks pak die WP en in 'n GROOT katgeveg speel die Cheetahs die Leeus, o die hare en tande gaan waai!

Nag ou grote…

Wêreldbeker Rugby – 2011

Suid-Afrika vs Namibië

Ons vir jou - Springbokke!

Duisende Bok ondersteuners moes baie moed geskep het met die vertoning van die Bokspan in die toets teen die Biltongboere. Die telling van 87-0 in die guns van die Bokke vly eintlik die Namibiërs, want daar was 'n paar geleenthede wat nie in punte omskep is nie.

Wat egter verblydend is, is die dissipline van die spelers op die veld... maar ook nie aldag nie... Vra maar vir John, Bakkies en Butch wat 'n 'bietjie' stout was. Die spangees in die Bokkamp is baie bemoedigend, 'n teken van kamerade, en dit maak saam 'n dodelike kombinasie.

'n Wen teen Samoa is nie eers debatteerbaar nie, so die laaste drie wedstryde na die groepfase sal wees in volgorde- die Aussies-die Kiwis en die Bleekvelle…

Go Bokke!!

Hole-in-One

Mahikeng – The very exciting and popular HVDM Group golf day was held on Wednesday with a record turnout! The Winners were Victor Suping and Patrick Marumo with 48 points, followed by Wally Plotz and J Coetzee (47) and Christo Lombard and Leon Bevan (46).

The next event is scheduled for 26 October. The Agri North West golf day was won by Pikkie Miesenheimer and Koert Erasmus with 48 points, followed by A Snyman and N Masilo (47) and N Botha and S Botha (46).

The Wimpy golf day is scheduled for 1 October, and the Ledwaba Powerstar golf day on 8 October with great prizes up for grabs!

Football tournament in Ikageng

Potchefstroom/ Ikageng – MISPRO (Maleke International Sport Promotion) – the official Tlokwe Local Football Association (TLFA) Players management and tournament promoter in partnership with main sponsor Tshedza Protection Services – bring the first Annual October Holidays International Football to Ikageng Stadium on 6 October from 17h00.

The tournament is dedicated to all the grandparents and parents who were born at the Makweteng Township before they were relocated to Ikageng. The idea is to provide their great grand children with opportunities that the parents never had, by exposing the children to competent and competitive reputable teams like the Mighty Orlando Pirates Academy.



Klerksdorp – Hierdie dogters het onlangs uitgeblink in tennis! Hulle was die wenners in hulle afdeling en vorder sodoende tot die Junior Liga as naaswenners in die KOSH Streek.
Voor v.l.n.r. Leoné Wilkens, Leandri le Grange
Agter v.l.n.r. Shani Smith en Dominique Benadé
Laerskool Meiringspark